

## Die uitkoms is die belangrikste

Anil Thakersee, BD, Old Mutual Effektetrusts

**D**ie Suid-Afrikaanse effektrustbedryf het in 1965 tot stand gekom – sowat 78 jaar nadat die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE) die eerste keer sy deure geopen het op die hoek van Kommissarissen Simmondsstraat. Teen selfs net R10 per maand kon Suid-Afrikaners deur effektrusts toegang kry tot 'n portefeulje aandele.

Die eerste effektrusts op die mark was algemene aandeelfondse, wat in al die sektore van die JSE belê. Volgende was enkelsektorfondse, naamlik goud- en nywerheidsfondse, en daarna inkomstefondse. Dit was eers in die 1990's dat die bedryf regtig op dreef gekom het, toe beleggers 'n wyer keuse van fondse gegee is – van effekte- tot batetoewysingsfondse, geldmark- en eiendomsfondse. En toe het wêreldfondse natuurlik op die toneel gekom.

Na 35 jaar wat gekenmerk is deur effektrusts wat toegang bied tot die aandeel- en rente-inkomstemarkte, het daar die afgelope vyf jaar 'n nuwe tendens ontwikkel. Daar het 'n verskuiwing plaasgevind van relatieweprestasie-fondse na fondse wat op spesifieke beleggersbehoefte fokus – na hierdie fondse word ook verwys as **uitkomsgebaseerde** fondse. Die verskil kan gesien word in wat 'n fonds poog om aan die belegger te lewer:

▲ Relatieweprestasie-fondse poog om óf hul maatstaf óf hul portuurgroep te klop, ongeag die prestasie. 'n Uiterste voorbeeld hiervan is ons Goudfonds. Dié fonds se doelwit is om die FTSE/JSE Goudmynindeks te oortref, ongeag of dit -37.5% p.j. (tot die jaar geëindig 31/12/1997) of 79.8% p.j. (tot die jaar geëindig 31/12/2001) lewer.

▲ Uitkomsgebaseerde fondse fokus op 'n spesifieke uitkoms en nie op die




prestasie van 'n maatstaf nie. Hierdie uitkoms kan 'n prestasiedoelwit hê (bv. probeer om inflasie met 'n voorafbepaalde persentasie te klop) of 'n risikodoelwit (bv. probeer om kapitaalverliese oor 'n 12-maandetydperk te vermy).

Dit is nie net 'n plaaslike tendens nie: navorsing deur McKinsey & Company in die VSA het getoon dat verbruikers heel geneë is om uitkomsgebaseerde effektrusts te koop. In die laaste jare was die jaarlikse groei koers van hierdie fondse in die VSA meer as dubbeld dié van tradisionele fondse. "We believe that successful firms of the future will break away from the pack and offer fewer products... ..winning players will expand the definition of 'asset class' by marketing specific outcomes, such as target retirement dates, tax minimization and income generation." *The Asset Management Industry in 2010. McKinsey & Company.*

'n Soortgelyke tendens is in Suid-Afrika waarneembaar, waar uitkomsgebaseerde fondse nou die grootste persentasie nuwe geld lok wat na die effektrustbedryf vloei. Beleggers het al hoe meer risiko-

vervolg op bladsy 4...



### IN HIERDIE UITGAWE

- 2 Dinamiese Vloerfonds in die kollig
- 3 Ontmoet Anil
- 6 Galaxy nou beskikbaar
- 8 Prestasienuus



## Van die Redakteur

Tracy Hennessy,  
Hoof van Kommunikasie

**D**ie nuwe jaar is vir baie 'n geleentheid om 'n nuwe blaadjie om te slaan, en dis presies

wat ons besluit het om te doen – letterlik. Ek hoop u hou van Finansiële Gesproke se nuwe voorkoms.

Wat marksake betref, het u geweet dat Suid-Afrikaanse aandele die laaste 15 kwartale (tot einde Desember 2006) 'n stygmark beleef het? Dit is ongetwyfeld een van die langste stygmarkte sedert die 1960's. Dit is dus glad nie verbasend dat ons fondsbestuurders beleggers maan om laer opbrengste op aandele te verwag as waaraan hulle die afgelope vier jaar gewoon geraak het nie. Hulle verwag ook dat die aandelemark in die komende jaar onbestendig gaan wees.

In hierdie uitgawe van Finansiële Gesproke het ons nuttige inligting oor ons fondse – veral dié wat op risikobestuur fokus (sien die tabel op bladsy 5). Wat ook van belang is, is die bekendstelling van 'n nuwe maatstaf om koste wat van u beleggings afgetrek word te evalueer. Lees meer hieroor op bladsy 7.

Geniet hierdie uitgawe van Finansiële Gesproke.

Groete

Tracy

Finansiële Gesproke, Old Mutual Effektrusts  
Posbus 207, Kaapstad 8000  
Dienssentrum: 0860 234 234  
Faks: 0860 220 207  
E-pos: unittrusts@oldmutual.com  
Internet: www.oldmutualunittrusts.co.za

### Belangrike fondsinligting

Met die goedkeuring van beleggers en die Raad op Finansiële Dienste (RFD) het ons die Industrial Fund en die Finansiële & Nywerheidsfonds saamgesmelt. Hierdie fondse het soortgelyke beleggingsmandate gehad, en laasgenoemde het finansiële aandele ingesluit. Aangesien ons 'n Finansiële Diensfonds het, en die Finansiële & Nywerheidsfonds die enigste oorblywende effektrust in sy kategorie was, het ons besluit om beleggers se toestemming te vra om hierdie fonds met die Industrial Fund saam te smelt. Kliënte van die Finansiële & Nywerheidsfonds het nuwe rekeningnommers en onderaandele teen die ekwivalente waarde in die Industrial Fund (Klas R) ontvang.

## Fokus op die uitkoms: Dinamiese Vloerfonds

**O**ld Mutual se Dinamiese Vloerfonds is sedert November 2002 beskikbaar. Finansiële Gesproke het met portefeuljebestuurder Garth Taljard gesels oor hoe die fonds werk en hoe hy op verskillende marktoestande reageer.

### FG: Wat bied hierdie fonds aan beleggers?

Garth: Die fonds probeer om uit 'n stygende aandele mark voordeel te trek en beleggers se kapitaal in 'n swak mark te beskerm. Die beleggingsdoelwit is tweeledig: Eerstens om oor deurlopende 3-jaartydperke aan beleggers 'n opbrengs van inflasie (VPI) plus 4% per jaar te bied, en tweedens om kapitaalverliese te beperk tot hoogstens 10% van hul netto beleggingsbedrag oor enige 12-maandetydperke.

### FG: Hierdie fonds het die afgelope jaar meer as R1.1 miljard van beleggers gelok – hoe belê jy al hierdie geld?

Garth: Ek gebruik 'n kwantitatiewe risikomodellering om geld aktief aan verskillende bateklasse – aandele, eiendom, effekte en kontant – toe te wys. Ek pas dan hierdie toewysing aan om voordeel te trek uit veranderende mark- en ekonomiese toestande, en op dié manier beleggers se geld te laat groei. Ek is ook gelukkig om Old Mutual se interne navorsings- en aandeelkeuringsvermoëns en batetoewysingskundigheid te kan inspan wanneer ek beleggingsbesluite neem.

### FG: Wat doen jy om beleggers se geld te beskerm?

Garth: Ek gebruik wat ek 'n "termynvloer" noem om beleggers te beskerm teen 'n verlies van meer as 10% van hul netto belegging oor enige 12-maandetydperke. Die vloer word vasgestel op 90% van die fonds se waarde oor 12 maande. Die vloervlak is 'n teiken, en word nie gewaarborg nie. Hierdie voorbeeld kan help om te verduidelik hoe die vloer werk:

As u op 1 Januarie 2006 'n bedrag van R100 000 belê het, sou u "termynvloer" vir die einde van Desember R90 000 (90% van R100 000) gewees het. Teen einde Desember was die belegging egter R110 258 werd. U vloer vir die volgende 12 maande sou nou 90% van R110 258 (d.w.s. R99 232) wees – u klim dus geleidelik. (Let wel: Hierdie voorbeeld sluit koste uit.)

### FG: Wat gebeur wanneer die aandelemark ineenstort?

Garth: Indien die markte begin val en die fondswaarde kom nader aan sy vloer, sal ek met behulp van die kwantitatiewe model die vloer beskerm deur uit aandele in kontant en geldmarkinstrumente te beweeg. Indien die mark egter op hierdie tydstip vinnig en skerp styg, sal die fonds nie geposisioneer wees om die opwaartse

vervolg op bladsy 3...

## Ontmoet Old Mutual Effektetrusts se (nuwe) BD



**Anil Thakersee, ons nuwe Besturende Direkteur, het by baie van u weinig bekendstelling nodig, aangesien hy reeds lank bydraes tot Finansiële Gesproke lewer.**

Anil het die afgelope vyf jaar by Old Mutual Effektetrusts verskeie senior poste bekleed, met funksies soos bemerking, besigheidsontwikkeling en strategie. Hy was ook hoof van Beleggingsbemerking vir Old Mutual (SA) en verantwoordelik vir voorkantoor-skatkissamewerkinge vir Old Mutual Bank.

Voordat hy by Old Mutual aangesluit het, was hy 'n fondsbestuurder van multibestuurderfondse en skatkishandelaar by Appleton Asset Management en BoE Private Bank onderskeidelik. Hy het sy loopbaan by Eerste Nasionale Bank begin as 'n bestuurskwekeling in hul Internasionale en Tesourie-afdeling.

Anil het 'n BCom-grad in ekonomie en is 'n CFA-geoktrooieerde.

Benewens sy passie vir die bedryf en beleggingsmarkte, beskou Thakersee dit as 'n belangrike deel van sy rol om 'n kampvegter vir sy kliënte en te wees. Hy skakel gereeld met en ontmoet kliënte en is altyd gewillig om na hul sienings en menings te luister.

As 'n toegewyde gesinsman is dit vir Anil uiters belangrik om te midde van sy besige program tyd saam met sy vrou Tanya en hul tweejarige seun Pranay deur te bring.

### Fokus op die uitkoms: Dinamiese Vloerfonds

...vervolg van bladsy 2

beweging ten volle te benut nie. Dit is omdat die fonds op die beskerming van die vloer fokus. Ek sal eers die fonds se markblootstelling verhoog nadat die beskermingsvlak verbygesteek is – dit wil sê wanneer ek oortuig is dat minstens 90% van die fonds se waarde oor 12 maande beskerm is.

'n Voorbeeld hiervan was die skerp daling in die FTSE/JSE Alle Aandele-indeks in Mei/Junie 2006. Ek het die fonds se aandeleblootstelling tot minder as 10% van die totale portefeulje verminder, en daardeur die vloer beskerm. Met die skielike opswaai in die mark net daarna het die vloer onaangestas gebly, maar die fonds kon nie ten volle by hierdie skerp styging baat vind nie.

#### FG: Hoe kry jy die grootste voordeel uit die stygmark?

Garth: Ek verhoog die blootstelling aan aandele stelselmatig, om die fonds al hoe meer in staat te stel om positiewe opbrengste te benut. In 'n stygmark word die termynvloer verhoog namate die fonds se waarde styg – op dié manier word wins wat reeds gemaak is vasgepen en teen toekomstige verliese beskerm.

Sedert die Dinamiese Vloerfonds se bekendstelling in November 2002 tot einde Desember 2006 was die hoogste opbrengs oor 'n deurlopende 12-maandetydperk 32% en die laagste opbrengs 6%.


Die vloer is oor hierdie tydperk al 51 keer verhoog. Dit is interessant dat die fonds se aandeletoevoeging al so laag as 5% en so hoog as 70% van die totale portefeulje was.

#### FG: Wie behoort 'n belegging in hierdie fonds te oorweeg?

Garth: Die fonds is ideaal vir die meer risiko-sku belegger vir wie dit belangrik is om nie geld te verloor nie, maar wat nietemin by die groeipotensiaal van 'n aandeleportefeulje wil baat. Dit is ook 'n geskikte beleggingsmedium vir aftreespaarfondse aangesien dit aan artikel 28 van die Wet op Pensioenfondse voldoen.

\* Syfers verkry: S&P Fund Services, enkelbedragbelegging, uitkerings herbelê, koste uitgesluit (tensy anders vermeld).

Deurlopende 3-jaaropbrengste op 'n maandgrondslag tot einde Desember 2006



## DIENSBROKKIES

### Effektetrustsertifikate ongeldig

Let asseblief daarop dat hierdie sertifikate nie meer geldig is nie. Hulle is gekanselleer en u rekeningstaat gee u nou 'n bewys van die onderaandele wat u besit. As u nog 'n sertifikaat besit, vernietig dit asseblief.

### Bestuur u portefeulje aanlyn

Om onderaandele aanlyn te koop, verkoop of om te skakel, registreer aanlyn op *My Secure Services* [www.oldmutualunittrusts.co.za](http://www.oldmutualunittrusts.co.za).

### Kommunikeer per e-pos

Ons het 'n nuwe kommunikasiestelsel in werking gestel wat u in staat stel om u korrespondensie per e-pos te ontvang. Die e-posopsie beteken u kan posvertragings vermy en onmiddellik kennis kry van transaksies wat afgehandel is. U jaarlikse rekeningstate sal nog steeds aan u gepos word, saam met Finansiële Gesproke. Skakel ons asseblief by 0860 234 234 of stuur vir ons e-pos by [unitrusts@oldmutual.com](mailto:unitrusts@oldmutual.com) as u verkies om voortaan e-pos te ontvang (die lêers is in 'n PDF-formaat en nie groter as 70 KB nie).

### Trek 'n inkomste (Persoonlike Leeftyd-annuïteit)

As u 'n bestaande Old Mutual Persoonlike Leeftydannuïteit het, laat die produkreëls u toe om 'n jaarlikse inkomste van tussen 5% en 20% van u beleggingswaarde te trek. Hierdie aanpasbaarheid van 'n leefftydannuïteit skep 'n risiko dat u 'n inkomste kan trek wat groter is as die groei op die belegging. Dit sal die produk se vermoë belemmer om u gedurende u leefftyd van 'n volhoubare inkomste te voorsien. Met inagneming van die huidige ekonomiese omgewing, is dit raadsaam om die onderstaande riglyne te oorweeg wanneer u oor u nuwe annuïteitinkomstevlak vir die komende jaar besluit. Hierdie riglyne weerspieël die produkreëls vir alle nuwe leefftydannuïteite wat by Old Mutual Effektetrusts ingedien word.

**Onder ouderdom 70: Maksimum 12% p.j.**

**Tussen 70 en 80: Maksimum 15% p.j.**

**Bo 80/swak gesondheid\*: Maksimum 20% p.j.**

\* Indien u in swak gesondheid verkeer of 'n ander inkorting het wat u lewensverwagting aansienlik sal verminder.

## Die uitkoms is die belangrikste

...vervolg van bladsy 1

sku geword – hulle verkies produkte wat teen verliese beskerm bo dié met hoë groeipotensiaal oor die lang termyn.

Uitkomsgebaseerde fondse lok beleggers wat naby aftrede is of reeds afgetree het en uit beleggings met 'n hoë groeifokus wil beweeg na kapitaalbeskermings- of inkomsteskeppende beleggings.

Die aantreklikheid van uitkomsgebaseerde fondse is geleë in die mate van diskresie wat aan die fondsbestuurder verleen word om die fonds se doelwitte na te streef. Hierdie uitkomsgebaseerde fondse belê tipies in verskeie bateklasse (aandele, effekte, genoteerde eiendom en kontant) en is gewoonlik nie aan die beperkings van relatieweprestasie-fondse onderhewig nie – laasgenoemde se mandaat bepaal dat hulle in 'n spesifieke sektor van die mark moet belê, ongeag hoe daardie sektor presteer. Ek verwys weer na my voorbeeld van die Goudfonds. Indien die waarde van goudaandele val, moet die fonds nog steeds sy portefeulje in goud- en goudverwante aandele belê.

Uitkomsgebaseerde fondse het tipies 'n laer aandeletoenwysing as byvoorbeeld 'n algemene aandeelfonds. Om hierdie rede sal hierdie fondse in 'n stygmark gewoonlik nie so goed soos 'n suiwer aandeelfonds presteer nie. Hulle is nie ontwerp om prestasie na te jaag nie, maar eerder om 'n spesifieke uitkoms te verkry.

As 'n mens na Old Mutual Effektetrusts se reeks uitkomsgebaseerde fondse kyk (bladsy 5), blyk dit duidelik dat selfs wanneer hul mandate oënskynlik dieselfde is, die manier waarop hulle hierdie teikens behaal aansienlik kan verskil. Beleggers moet seker maak dat hulle die mandaat van die uitkomsgebaseerde fonds van hul keuse verstaan. Dit is ook wys om nie die prestasie van 'n uitkomsgebaseerde fonds met ander fondse in die portuurgroep te vergelyk nie – omdat al hierdie fondse se mandate en beleggingsdoelwitte geneig is om van fonds tot fonds te verskil.

U makelaar of gelisensieerde Old Mutual finansiële adviseur kan u help om geskikte uitkomsgebaseerde fondse te kies.

## Old Mutual Effektetrusts se uitkomsgebaseerde fondse

(sien fondse se prestasie op bladsy 8)

Fonds	Beleggings-universum	Kliëntebehoefte	Uitkoms (Prestasie-teiken)	Risiko-teiken	Risiko-gradering (/5)#
<b>Real Income Fund</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▲ Geldmark</li> <li>▲ Effekte</li> <li>▲ Omskepbare effekte</li> <li>▲ Voorkeuraandele</li> <li>▲ Genoteerde eiendom (maks. 25%<sup>1</sup>)</li> <li>▲ Aandele (maks. 25%<sup>1</sup>)</li> </ul> <p><sup>1</sup> 'n Gekombineerde maksimum van 35%</p>	Beleggers wat 'n gereelde inkomstestroom met 'n mate van kapitaalgroei nodig het – wat albei in ooreenstemming met inflasie styg.	VPIX + 3% per jaar	Poog om kapitaalverliese oor deurlopende 18-maandetydperke te vermy.	Matig konserwatief (2)
<b>Enhanced Income Fund</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▲ Geldmark</li> <li>▲ Effekte</li> <li>▲ Inflasiegekoppelde effekte</li> <li>▲ Gesekuriteerde instrumente</li> <li>▲ Genoteerde eiendom (maks. 25%)</li> <li>▲ Voorkeuraandele</li> </ul>	Beleggers wat 'n inkomstevlak nodig het wat hoër is as dié van bankdeposito's en tradisionele inkomste-fondse, maar wat ook 'n mate van kapitaal-onbestendigheid in hul belegging kan aanvaar.	BEASSA ALBI (1-3 jaar) Indeks – Totale Opbrengs	Poog om geen negatiewe opbrengste oor deurlopende 12-maandetydperke te hê nie.	Matig konserwatief (2)
<b>Dinamiese Vloerfonds</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▲ Aandele (maks. 70%)</li> <li>▲ Eiendom</li> <li>▲ Effekte</li> <li>▲ Geldmark</li> <li>▲ Inflasiegekoppelde effekte</li> <li>▲ Afgeleide instrumente</li> </ul>	Beleggers wat 'n mate van kapitaal-beskerming wil hê, maar nog steeds in markgroei wil deel.	VPIX + 4% p.j. op 'n deurlopende 36-maandegrondslag	Poog om 90% van netto kapitaal oor deurlopende 12-maandetydperke te beskerm.	Matig (3)
<b>Galaxy Defensiewe Fonds van Fondse*</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▲ Geldmark</li> <li>▲ Effekte</li> <li>▲ Inflasiegekoppelde effekte</li> <li>▲ Genoteerde eiendom</li> <li>▲ Aandele</li> </ul>	Beleggers wat kapitaalskerming wil hê maar ook in langtermyn-kapitaalgroei wil deel.	VPIX + 5% p.j. op 'n deurlopende 36-maandegrondslag (na aftrekking van fooie)	Poog om kapitaalverliese oor deurlopende 12-maandetydperke te vermy.	Matig (3)
<b>Galaxy</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▲ Geldmark</li> <li>▲ Effekte</li> <li>▲ Inflasiegekoppelde effekte</li> <li>▲ Genoteerde eiendom</li> <li>▲ Aandele</li> </ul>	Beleggers wat bereid is om matige onbestendigheid te aanvaar met die oog op langtermyn-kapitaalgroei, en wat minimale korttermyn-inkomstebehoefte het.	VPIX + 7% p.j. op 'n deurlopende 36-maandegrondslag (na aftrekking van fooie)	Poog om kapitaalverliese oor deurlopende 18-maandetydperke te vermy.	Matig (3)

# 5 is aggressief en 1 is konserwatief.

\* Lees meer oor hierdie fondse op bladsy 6.





## Galaxy nou deel van u keuse

**O**ld Mutual Effektrusts bied u nou toegang tot multibestuurderfondse. Ons vorige reeks effektrusts is almal deur Old Mutual se interne fondsbestuurders bestuur. Daarenteen stel die Galaxy-multibestuurderfondse 'n aantal fondsbestuurders van verskillende beleggingsfirmas aan om komponente van elke fonds te bestuur.

Hoewel die Galaxy-fondse al lank via Investment Horizons, Max Investments en Fairbairn Capital beskikbaar is, is hulle nou vir die eerste keer ook direk via die Effektrust-afdeling bekombaar. Hierdie fondse word bestuur deur SYmmETRY Multi-Manager, 'n gespesialiseerde beleggingsbesigheid binne Old Mutual. SYmmETRY behartig die administrasie van die fondse en stel geskikte fondsbestuurders aan, deur talentvolle fondsbestuurders regoor die land na te vors en te monitor. Hul keuringsproses is daarop gemik om knap bestuurders te vind wat deurgaans sal presteer sonder om beleggers se geld aan oormatige risiko bloot te stel. SYmmETRY-portefeuljes het al verskeie toekennings ingepalm vir top risiko-aangepaste opbrengste.

### Die volgende fondse is beskikbaar deur Old Mutual Effektrusts:

**Galaxy Aandelefondse van Fondse** belê in al die sektore van die FTSE/JSE Alle Aandele-indeks, met die doel om sy portuurgroepgemiddelde (Binnelands – Aandele – Algemene Fondse) oor die lang termyn te oortref. Die fonds is geskik vir beleggers wat bereid is om 'n hoë mate van onbestendigheid te aanvaar met die oog op hoë kapitaalgroei oor die lang termyn.

**Galaxy Gebalanseerde Fondse van Fondse** bied 'n balans tussen kapitaalgroei en kapitaalbeskerming. Die fonds streef kapitaalgroei na wat inflasie beduidend oortref (VPIX

+ 7% p.j. oor deurlopende 3-jaartydperke). Dit poog ook om kapitaalverliese oor enige 18-maandetydperk te vermy. Om hierdie beleggingsdoelwitte te kan bereik, het die fondsbestuurders die vryheid om uit 'n verskeidenheid bates te kies, naamlik geldmark-instrumente, effekte, inflasiegekoppelde effekte, genoteerde eiendom en aandele. Die fonds is geskik vir beleggers wat kapitaalgroei wil hê, maar teen laer vlakke van onbestendigheid as dié van 'n suiwer aandelefondse.

**Galaxy Defensiewe Fondse van Fondse** poog om kapitaalverliese oor enige 12-maandetydperk te vermy en bied matige kapitaalgroei (VPIX + 5% oor deurlopende 36-maandetydperke). Die fonds is geskik vir die meer risiko-sku belegger wat kapitaalgroei teen redelik lae vlakke van onbestendigheid wil hê. Om hierdie doelwit te bereik, belê die fondsbestuurders in geldmarkinstrumente, effekte, inflasiegekoppelde effekte, genoteerde eiendom en aandele.

**Galaxy Vasterentefondse van Fondse** het 'n sterk sydigheid vir kapitaalbeskerming. Dit is gemik op beleggers wat hoë inkomstevlakke verlang, met die moontlikheid van kapitaalgroei oor die lang termyn. Inkomste word verkry uit 'n verskeidenheid rentedraende bates, insluitend blootstelling aan genoteerde eiendomsaandele. Die fonds poog om die BEASSA Alle Effekte-indeks (1-3 jaar) te oortref.

Fonds	Prestasie			Positiewe- maande (/66m)*	Risiko- gradering (/5)	Beleggings- minimums	
	1 jaar	3 jaar (p.j.)	5 jaar (p.j.)			Enkel- bedrag	Maande- liks
<b>Galaxy Aandele</b>	36%	35%	22%	41/66	4	R10 000	R500
<b>Galaxy Gebalanseerde</b>	24%	26%	22%	47/66	3	R10 000	R500
<b>Galaxy Defensiewe</b>	17%	21%	19%	53/66	2	R10 000	R500
<b>Galaxy Vasterente</b>	8%	9%	10%	60/66	2	R15 000	R1 000

\* Positiewe maande verwys na die getal maande waarin die fondse positiewe opbrengste gelewer het. Al die fondse is op 1 Junie 2001 bekend gestel. Syfers verkry by S&P Fund Services, tot einde Desember 2006, gebaseer op 'n enkelbedragbelegging met uitkerings herbelê en koste uitgesluit.

Om meer oor hierdie fonds uit te vind, gesels met u makelaar of Old Mutual finansiële adviseur. So nie, kan u 0860 234 234 skakel of [www.oldmutualunitrusts.co.za](http://www.oldmutualunitrusts.co.za) besoek.

# Weet wat dit u regtig kos (TKV toegelig)

Chris Potgieter, Finansiële Direkteur, Old Mutual Effektetrusts



**D**ie effektetrustbedryf stel 'n nuwe maatstaf bekend om die uitwerking van koste op u beleggings te bepaal. Hierdie maatstaf word 'n Totale Kosteverhouding (TKV) genoem.

Totale kosteverhoudings word wêreldwyd gebruik om die impak te bepaal van bestuurs- en bedryfskoste wat van 'n fonds se portefeulje afgetrek word.

Hoewel u weet wat u aanvangskoste is voordat u belê, is dit nie moontlik om al die portefeuljekoste aan die begin te kwantifiseer nie. Hierdie koste sluit oor die algemeen die jaarlikse diensgeld, prestasiefooi, die fonds se bankkoste, heffings en belasting (bv. belasting op effekte sonder sertifikate), bewaarders- en trusteegelede, effektemakelaarsfooi en die fonds se ouditgelde in. Hierdie koste word elke maand van 'n portefeulje se inkomste afgetrek. Van hierdie koste word slegs die jaarlikse diensgeld op die fondsfeiteblad aangedui.

Die TKV van 'n fonds gee u 'n aanduiding van hoe hierdie koste u opbrengste affekteer. Uitgedruk as 'n persentasie, word 'n fonds se TKV bereken deur die fonds se totale portefeuljekoste deur sy totale bates te deel. Die fonds se totale bates is die daaglikse gemiddelde waarde van die portefeulje oor 'n spesifieke tydperk (bv. 'n finansiële jaar).

Volgens die ACI\* se vereistes moet alle fondse se TKV's van April 2007 af in die fondsfeiteblaai gepubliseer word – met die uitsondering van fondse van fondse, wat vanaf Junie gepubliseer moet word.

Die voordeel van 'n TKV is dat dit u in staat stel om beleggings wat verskillend gestruktureer is te vergelyk – bv. koste met betrekking tot beleggings in 'n fonds van fondse teenoor beleggings in enkelfondse. Hou egter in gedagte dat die TKV op grond van historiese inligting bereken word en nie noodwendig 'n aanduiding gee van toekomstige koste nie.

“Dit is belangrik dat beleggers besef dat koste maar net een van verskeie faktore is om te oorweeg by die keuse of evaluering van 'n portefeulje se vooruitsigte,” sê Di Turpin, Uitvoerende Hoof van die ACI. “Die waarde van TKV lê daarin dat dit u in staat stel om u portefeulje se koste na te gaan dit ook verskillende finansiële diensprodukte regstreeks te vergelyk. Ons hoop dat ander produkte ook hierdie maatstaf sal aanvaar, wat baie beter openbaarmaking vir die verbruiker sal beteken. Die kollektiewe beleggingsbedryf het nog altyd laekostebelleggings gebied en is deursigtig. Beleggers kry volledige inligting oor koste en prestasie. Ons beskou TKV's as nog 'n strategiese hulpmiddel vir die belegger.”

### Beleggers gaan oor die algemeen só koste aan:

Maksimum koste wat vooraf op fondsfeiteblad bekend gemaak word.

Enmalige aanvangskoste wat van 'n nuwe belegging afgetrek word voordat onderaandele gekoop word (dit bestaan uit 'n administrasiefooi en kommissie vir advies).

Jaarlikse fooi waarvoor adviseur en kliënt vooraf ooreenkom.

Deurlopende adviseursfooi wat via die verkoop van onderaandele verhaal word.

Verskeie koste wat afsonderlik in jaarverslag bekend gemaak word.

Deurlopende bestuurs- en bedryfskoste wat van die fonds se portefeulje afgetrek word.

$$\text{Totale Kosteverhouding} = \frac{\text{Totale Koste}}{\text{Totale Bates}}$$

Die **FONDSFEITEBLAAIE** word ná die einde van elke kalenderkwartaal bygewerk. Hulle bevat fondsbesonderhede, koste, bygewerkte prestasiesyfers en kommentaar deur die fondsbestuurders. Feiteblaai is verkrygbaar by u finansiële adviseur, ons Dienssentrum (0860 234 234) of op ons webtuiste [www.oldmutualunitrusts.co.za](http://www.oldmutualunitrusts.co.za).



\* Die **Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI)** verteenwoordig die belange van Suid-Afrikaanse effektetrustbestuursmaatskappye en hul beleggers. Lidmaatskap van bestuursmaatskappye is vrywillig en hulle werk saam met die ACI aan die beginsels van selfregulering. Die hoofdoel van die Vereniging en sy lede is om die bedryf te laat ontwikkel en groei, deur sy skakeling met die owerheid en gereelde kommunikasie met die media en die beleggerspubliek.

### Beleggingspan kry nuwe naam

In Augustus 2006 het Old Mutual Batebestuurders sy besluit aangekondig om na 'n boetiekstruktuur te verander. Die nuwe beleggingsbesigheid bestaan uit 12 afsonderlike boetieks. Hierdie boetieks bestaan uit klein spanne wat elk op 'n bepaalde beleggingskundigheidsgebied fokus. Elke span het die vryheid om hul eie beleggingsbesluite te neem en die span se vergoeding is direk gekoppel aan die prestasie wat hulle lewer. Die boetieks maak deel uit van die nuwe **Old Mutual Beleggingsgroep** (hierdie naam vervang nou Old Mutual Batebestuurders).

### Fooiveranderings vir buitelandse fondse

Die Internasionale Groeifonds van Fondse en Wêreldeffektevoederfonds het hul aanvangskoste op 1 Januarie 2007 verander. Die rede vir die verandering is die standaardisering van koste in al ons fondse. Die aanvangskoste word van alle nuwe beleggings (insluitend gereelde debietorders) afgetrek en bestaan uit 'n administrasiefooi en kommissie vir advies (maksimum 3%, onderhandelbaar).

Standaardisering van die administrasiefooi beteken:

- ▲ Vir beleggings van R5 000 en meer, per fonds, word geen administrasiefooi gevra nie (slegs kommissie).
- ▲ Vir beleggings onder R5 000:
  - Ons aandelefondse vra ná administrasiefooi van maksimum 2%. Die Internasionale Groeifonds van Fondse het sy administrasiefooi van 1% tot 2% (BTW ingesluit) verhoog (maksimum aanvangskoste is 5.74% met kommissie en BTW ingesluit).
  - Ons inkomste- en effektefondse vra ná se administrasiefooi van maksimum 0.4% (BTW ingesluit). Die Wêreldeffektevoederfonds het sy administrasiefooi van 1.4% tot 0.4% verlaag (maksimum aanvangskoste is 1.14% met kommissie en BTW ingesluit).

FONDS	Prestasie % p.j.		
	1 jaar	3 jaar	5 jaar
Beleggersfonds	35.1	37.1	25.7
Dinamiese Vloerfonds	10.3	17.4	n.v.t.
Enhanced Income Fund	8.6	n.v.t.	n.v.t.
Finansiële Diensfonds	36.1	41.6	24.9
Finansiële & Nywerheidsfonds*	35.5	37.6	25.6
Four Plus Capital Fund of Funds	7.9	12.4	n.v.t.
Four Plus Global Fund of Funds	25.4	21.2	10.7
Four Plus Growth Fund of Funds	22.6	25.9	19.1
Four Plus Secure Fund of Funds	5.4	6.3	n.v.t.
Galaxy Aandelefonds van Fondse	36.1	34.9	22.2
Galaxy Defensiewe Fonds van Fondse	17.1	20.7	19.2
Galaxy Gebalanseerde Fonds van Fondse	24.2	26.4	21.8
Galaxy Vasterentefonds van Fondse	8.3	9.0	10.3
Gebalanseerde Fonds	31.0	29.5	19.5
Geldmarkfonds	7.2	7.2	9.0
Goudfonds	27.5	15.4	20.7
Groeifonds	37.0	39.0	29.0
Hoëdividendfonds	33.8	39.4	33.7
Industrial Fund	31.7	38.5	32.5
Inkomstefonds	6.4	8.2	9.8
Internasionale Groeifonds van Fondse	28.5	13.8	-1.6
Kleinmaatskappyefonds	41.4	44.6	34.7
Mynbou- & Hulpbronnefonds	49.9	39.9	29.8
Primafonds	4.7	10.2	12.7
SA Genoteerde Eiendomsfonds	23.0	35.1	n.v.t.
Top 40 Fonds	38.1	34.9	19.6
Topmaatskappyefonds	33.0	36.0	26.5
Veelsydige Fonds	32.1	32.8	22.1
VK Geldmarkvoederfonds	28.2	7.6	-1.6
Waardefonds	34.4	38.5	29.0
Wêreldaandelefonds A	37.0	19.6	2.3
Wêreldeffektevoederfonds	18.3	5.3	-1.4
Wêreldeffektevoederfonds	20.0	7.2	-9.7
<b>Suid-Afrika VPI</b>	<b>6.0</b>	<b>4.3</b>	<b>5.1</b>

Bron: Standard & Poor's Fund Services. Enkelbedragbeleggings tot einde Desember 2006, uitkerings herbelê en NBW-NBW pryse gebruik (d.w.s. aanvangskoste uitgesluit). Old Mutual Effeketrusts is deur die JSE Sekuriteitebeurs SA gelisensieer om die naam FTSE/JSE Top 40 Indeks te gebruik.

\* Let wel: Old Mutual Finansiële & Nywerheidsfonds het saamgesmelt en is nou die Old Mutual Industrial Fund R.

© Old Mutual Effeketrusts Januarie 2007. Finansiële Gesproke is 'n nuusbrief wat as 'n diens aan Old Mutual Effeketrusts se beleggers gepubliseer word. Hoewel dit met redelike sorg saamgestel is, aanvaar Old Mutual Effeketrusts geen aanspreeklikheid vir enige verlies of skade wat gely, of onkoste wat aangegaan kan word as gevolg van inligting wat in hierdie publikasie vervat is nie. Geen stelling in hierdie nuusbrief moet beskou word as 'n aanbeveling om 'n spesifieke fonds of produk te koop of verkoop nie. Ons stel voor dat u ons of u finansiële adviseur skakel voordat u enige besluite neem wat op hierdie inligting gegrond is. Indien u bykomende eksempleare van hierdie nuusbrief wil ontvang, skakel asseblief ons Dienssentrum (0860 234 234). This publication is also available in English as Financially Talking. Effeketrusts is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings. Die waarde van u onderaandeel kan styg sowel as daal en vorige prestasie is nie 'n aanduiding van toekomstige groei nie. Wisselkoersbewegings of -skommeling kan mebring dat die waarde van onderliggende internasionale beleggings styg of daal. Effeketrusts kan betrokke wees by die leen en uitleen van skrip. Aanvangskoste (van 0% tot maksimum 5.7% van die beleggingsbedrag) word afgetrek voordat onderaandeel gekoop word. Hierdie koste kan kommissie (tot 3.42% van die beleggingsbedrag) insluit. Jaarlikse diensgeld (van 0.57% tot 2.28%) word op die markwaarde van die fonds se bates bereken (inkomste en toelaatbare afrekkings uitgesluit) en van die portefeulje afgetrek op 'n maandelikse grondslag. Four Plus-fondse en die Internasionale Groeifonds van Fondse kan kommissie van 0.57% uit die diensgeld betaal. Verdere fooie wat van die fonds se portefeulje afgetrek kan word, is verpligte en bankkoste, makelaarsloon, belasting op bemarkbare effekte, ander belasting en heffings, bewaarder- en trusteegelede, en ouditgelede. 'n Lys van fooie en koste en maksimum kommissie is by die maatskappy/tussenganger verkrygbaar. Die daaglikse prys is gebaseer op die huidige waarde van die fonds se bates plus inkomste (minus uitgawes), gedeel deur die getal uitgereikte onderaandeel. U kan u belegging maklik verkoop teen die heersende prys van die dag (soos bereken om 15h00 op 'n vooruitprysingsgrondslag). Die Old Mutual Geldmarkfonds se onderaandeelprys is staties en rente word daagliks om 13h00 verklaar. Al die nodige dokumente moet voor 15h00 (13h00 vir Geldmarkfonds) ontvang word om op dieselfde dag nog verwerk te word. Spesialisaandelefondse kan 'n groter risiko inhoud, aangesien blootstellingsperke ten opsigte van 'n enkele sekuriteit hoër kan wees. 'n Fonds van fondseffeketrust belê slegs in ander kollektiewe beleggingskemas, wat hul eie koste kan vra. 'n Voederfondsportefeulje is 'n portefeulje wat, afgesien van bates in likiede vorm, uitsluitlik uit onderaandeel van 'n enkele portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema bestaan. Hierdie portefeuljes het verskillende klasse onderaandeel, wat aan verskillende fooie en koste onderwerp is. Sekere fondse kan tydelik gesluit word om ooreenkomstig hul mandaat bestuur te kan word. Old Mutual Effeketrusts is 'n lid van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings, SA.